**Abram se geloof lei tot onderskeidingsvermoë**

**Gen 14:1-24**

**3 September 2023**

1. Vantevore: Nuwe toets is onenigheid tussen Abram en Lot se veewagters. Lot kies ondeurdag die Jordaanstreek, Abram is gelowig tevrede met die res van die land. Die Here herhaal Sy beloftes aan Abram – met meer detail, wat Abram lei tot groter waardering vir hoe omvangryk die beloftes is. Hanteer ons geloofstoetse as beproewings of versoekings?
2. Abram se oorwinning in die stryd tussen die konings van die aarde (Gen 14:1-16)
    a. Oorlog tussen groep van 4 konings en groep van 5 konings (v1-3)
    b. Groep van 4 was in beheer, groep van 5 rebelleer (v4-7)
    c. Groep van 4 verslaan die groep van 5, voer inwoners / besittings weg – insluitend Lot (v8-12)
    d. Abram hoor hiervan (v13)
    e. Abram tree toe tot stryd saam met 3 bondgenote en 318 slawe – is suksesvol om mense / besittings terug te kry – insluitend Lot (v14-16)
    f. Wat ons hieruit kan leer:
        - Vertrou die Here vir uitkoms, selfs teen 'n oormag
        - Ons moet ons oor ons naaste ontferm – selfs al het hulle onverstandig opgetree, selfs al vra dit groot opoffering (vgl Rom 5:8)
3. Abram onderskei die werklike Koning (Gen 14:17-24)
    a. Twee konings ontmoet Abram:
        - Koning van Sodom – simbool van boosheid (v17)
        - Melgisedek (koning van geregtigheid), koning van Salem (koning van Jerusalem, koning van vrede), priester van God die Allerhoogste – tipe van die Here Jesus (v18, Heb 7:1-3, Heb 6:20)
    b. Twee aanbiedinge:
        - Koning van Sodom: kom met leë hande, kom met 'n eis, bied die buit aan (v 21)
        - Koning van Salem: kom met brood en wyn, kom met 'n seën, rig Abram op die verlossing deur die Here (v18-20)
            - Ooreenkomste met bruilofsmaal van die Lam (Op 19:1-8)
    c. Twee reaksies van Abram:
        - Koning van Salem: Gee tiende van buit – die hele buit behoort aan die Here (v20b)
        - Koning van Sodom: Roep die Here as Getuie – wil niks van Sodom ontvang nie, want al die eer behoort aan die Here, geen erkenning hoort by koning van Sodom nie. "Sluit my uit!" (v22-24)
4. Ontwikkeling in Abraham se geloof, ontwikkeling in verhouding tussen die Here en Abram
    a. Gen 12: Beloftes van die Here, Abram plaas beloftes op die spel tydens die hongersnoodkrisis
    b. Gen 13: Tydens onenigheidskrisis bly Abram in die land. Die Here gee meer detail rakende die beloftes.
    c. Gen 14: Krisis deurdat Lot weggevoer word – Abram tree toe tot stryd. Die Here wys vir Abram die verskil tussen die konings van Salem en Sodom – Abram toon onderskeidingsvermoë
5. Implikasie vir ons: Leer ons om te onderskei?